

DIE SKIETLOOD

Uitgawe 113 16 Junie 2017 saam met
Koersvas 113



In die 2 Junie 2017 uitgawe van Die Skietlood is daar gehandel oor sommige van die Nuwe Testament Apokriewe. In hierdie uitgawe word die res van die Apokriewe bespreek.

Die voorkoms van **apokriewe briewe** is yl gesaai. Die aard van briewe het dit 'n moeilike styl gemaak om na te boots. Tog vind ons hier ook aanduidings dat duidelike gapings in ons kennis aangespreek is deur apokriewe skrywers, met as beste voorbeeld die brief van die gemeente in Korinte aan Paulus en sy antwoord aan hulle te wete 'III Korintiërs'. Die Muratori kanon verwys na 'n brief aan die gemeente in 'Laodisië'¹ en 'n brief aan gelowiges in 'Alexandrië', beide na bewering vervalsings geskep deur die sekte van Marcion. Daar bestaan briewe wat na bewering gewissel is tussen die Romeinse filosoof Seneca en Paulus. Hierdie apokriewe briewe poog klaarblyklik om Seneca se bekendheid in te span om die Christelike geloof te bevorder. Die 'brief van Pseudo-Titus' beveel selibaat aan en bevat aanhalings uit verskeie geskrifte. Die korrespondensie tussen Christus en Abgar, koning van Edessa, is die laaste apokriewe brief wat op hierdie stadium bekend is.

Die **apokriewe handeling** het in die derde en vierde eeu n.C. ontstaan. Daar is onder andere handeling van Johannes, Philippus, Matteus, Paulus,

Petrus en Thomas. Hierdie geskrifte het ten doel gehad om die boek Handeling aan te vul en het gehandel oor verdere aktiwiteite van die Apostels en in besonder hulle martelaars-dode. Hierdie handeling wys op die hoë agting wat die vroeë kerk vir die apostels, hulle werk en hulle gesag gehad het.

Die versameling apokriewe geskrifte bevat ook verskeie **openbarings** (ἀποκάλυψις – apokaliptiese – openbaring). Die 'openbaring van Petrus' is een van die meer bekendes, veral omdat die geskrif op 'n stadium semi-kanoniese status geniet het. Die 'Hemelvaart van Jesaja' is in die Joodse apokaliptiese styl geskryf maar bevat talryke verwysings wat 'n Christelike vooroordeel verraai. Die 'openbaring van Paulus' en die 'openbaring Thomas' het later as genoemde drie ontstaan. Die apokriewe apokaliptiek het nie noodwendig net in geskrifte met sodanige titels verskyn nie en daar is apokaliptiese materiaal in geskrifte wat nie ἀποκάλυψις in die titel het nie.

Ten slotte 'n meer uitgebreide bespreking van die **Thomas evangelie**. Dit blyk nodig te wees in die lig van boeke soos "*The Five Gospels: What Did Jesus Really Say? The Search for the Authentic Words of Jesus Paperback – December 19, 1996 by Robert W. Funk (Author)*"².

Die premisse van boeke soos hierdie is dat hierdie Thomas evangelie 'n vroeë

¹ (lyk logies na aanleiding van Kolossense 4:16 *En wanneer hierdie brief by julle gelees is, sorg dat dit ook in die gemeente van die Laodicense gelees word en dat julle ook dié uit Laodicéa lees*)

² <https://www.amazon.com/Five-Gospels-Really-Search-Authentic/dp/006063040X>

dokument is wat dieselfde (en meer) gewig dra as die ander sinoptiese (dit wat saam gesien word) Evangelies en Johannes. Hierdie premisse word nie deur feite gestaaf nie, maar word die werkshipotese vir Funk en ander (AG van Aarde synde een van die RSA eksponente).

Die redenasie agter hierdie aanname is die volgende: die boeke van die Bybel het 'n sekere ontstaansproses gehad. Voor enige gegewens neergepen is, het dit eers in mondelinge vorm voorgekom. Hierdie orale tradisie het meestal bestaan uit dit wat Jesus gesê het, sporadies aangevul met insidente wat oorvertel is. Die evolusionêre denke lei mense wat hierdie ontstaansteorie voorstaan, om te beweer dat uit die kern van spreuke die Evangelies tot stand gekom het. Enige dokument wat bestaan uit gesegdes word vroeg dateer uit hoofde van die teoretiese aannames gemaak deur die navorsers.

Die Thomas evangelie is 'n Koptiese dokument wat in 1945 in Nag Hammadi in Egipte ontdek is. Die manuskrip bestaan uit 114 gesegdes wat aan Jesus toegedig word. Baie van die gesegdes toon 'n korrelasie met dit wat ons in die Bybel lees, maar baie van die gesegdes was onbekend voor die ontdekking van die gnostiese Nag Hammadi biblioteek. Hierdie biblioteek bestaan uit twee en vyftig traktate wat in Kopties op papyrus geskryf is en met leer saamgebind is in 13 volumes.

Dit is inhoudelik en uit die konteks duidelik dat die manuskrip gnosties is (klem op kennis en nie geloof nie). Die datering van die dokument (buite die Funk-dampkring) plaas die dokument se ontstaanstyd in die tweede helfte

van die tweede eeu n.C. (ongeveer 170 n.C.). Die manuskrip is in Kopties (Egiptiese agtergrond) gevind, dit is nie 'n Griekse weergawe nie. Die Thomas evangelie was lank reeds bekend aan die Kerkvaders. Chrysostomagus (*Ἰωάννης ὁ Χρυσόστομος*) het breedvoering afkeurend uit die dokument aangehaal.

Daar is geen logiese of feitelike rede wat aangevoer kan word vir die vroeë datering van die boek nie en daarmee saam die gewig wat die boek dra nie. Dit is vooroordeel wat maak dat hierdie boek op gelyke vlak met die Evangelies geplaas word.

Net om weer die NGB artikel 6 aan te haal: "Die kerk mag hierdie boeke wel lees en daaruit lering trek vir sover hulle met die kanonieke boeke ooreenstem.

Hulle het egter geensins sodanige krag of gesag dat iemand deur hulle getuienis enigiets van die geloof of van die Christelike godsdiens sou kan bevestig nie. Hulle mag nie in die minste aan die gesag van die ander, die heilige boeke, afbreuk doen nie".

As toegif 'n paar aanhalings uit die Thomas evangelie: (Vry vertaal uit 'n Engelse vertaling van die Koptiese dokument.)

7. Jesus het gesê, "Geseënd is 'n leeu wat deur 'n man geëet word, want daardie leeu sal mens(lik) word. Vervloek is die man wat deur 'n leeu geëet word, want daardie leeu sal menslik word."

53. Sy dissipels het hom gevra: 'Is besnydenis nuttig?' Hy het geantwoord: 'Indien dit nuttig was, sou hulle besny gebore gewees het. Aan die ander kant is ware besnydenis van die gees voortreflik.'

72. 'n Man het vir hom gesê: *Praat met my broers sodat hulle my pa se eiendom met my sal deel.* Jesus het geantwoord: *'Mens, wie het my 'n verdeler gemaak?' Hy het na sy dissipels gedraai en gevra: 'Regtig, is ek 'n verdeler?'*

104. Hulle het vir hom gesê: *Kom laat ons vandag bid en vas.* Jesus het geantwoord: *"Watter sonde is ek aan skuldig? Hoe is ek oorweldig?"*

Voorwaar, sodra die bruidegom die gebou verlaat het, moet hulle vas en bid.

114. Simon Petrus het vir hom gesê: *'Maria moet ons verlaat want 'n vrou is nie hierdie lewe waardig nie.* Jesus het geantwoord: *'Kyk, ek sal haar lei sodat sy 'n man word, dan sal sy lewende gees wees soos julle manne is. Elke vrou wat haarself manlik maak sal in die koninkryk van die hemel ingaan.'*